# Yskas Waarhede

## Oorweldig

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

### Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Het jy al deur omstandighede gegaan wat jy nie geweet het hoe om te hanteer nie, of waar dit vir jou gevoel het dit is bo jou krag om te hanteer? Deel met jou groep.**

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

**Wat dink jy van die stelling: "*God sal jou nie in 'n situasie plaas wat jy nie kan hanteer nie*"? Stem jy daarmee saam of nie? Verduidelik.**

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

**Wat in die preek het vir jou uitgestaan of stem jy nie mee saam nie?**

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------

**Lees deur 2 Korintiërs 1:3-10 en beantwoord die vrae:**

> **Lees weer vers 8. Hoe sal jy Paulus se emosie opsom? Het hy homself in 'n situasie bevind wat hy nie kon hanteer nie?**
>
> ----------------------------------------------------------------

**Lees Psalm 38:5-6 en Markus 14:33-34. Hoe vergelyk hierdie emosies met Paulus s'n?**

---

---

**Lees 1 Korintiërs 10:13. Waaroor gaan hierdie gedeelte – versoekings of moeilike omstandighede? Hoekom is dit belangrik om die onderskeid te tref in hierdie vers?**

---

---

**Lys 'n paar dinge wat God vir ons in moeilike omstandighede doen volgens Paulus in hierdie gedeelte.**

---

---

---

**Lees vers 9-10. Wat het Paulus geleer om te doen in moeilike omstandighede?**

---

---

**Lees Jona 2:2 en Psalm 145:18. Hoe vergelyk dit met wat Paulus geleer het?**

---

---

**Lees 2 Korintiërs 12:8-12. Wat het Paulus van God in moeilike omstandighede geleer?**

---

---

**Lees Hebreërs 4:16. Waar lê ons hoop en bemoediging?**

---

---

**Lees weer 2 Korintiërs 1:4 asook Jesaja 35:3-4. In hierdie gedeeltes is dit duidelik dat God ons bemoedig sodat ons weer ander kan bemoedig. Wie is die persone wat jy hierdie week kan bemoedig? Hoe gaan jy dit doen?**

---

---

---

**Op watter manier kan jou groep jou bemoedig en herinner aan God wat jou al gered het, besig is om te red en jou weer sal red (2 Korintiërs 1:10)?**

---

---

**In die preek word genoem hoe Hiskia die dreigemente van die Assiriese koning voor God neer gelê het. Skryf 'n gebed neer waarin jy sekere uitdagings en omstandighede in jou lewe voor God neerlê en aan Hom oorgee.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**